# Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com


## SKOOLTAALBELEID

**Hersien: Mei 2024**

### 1. VISIE

1.1 Moedertaalonderrig sover dit binne ons vermoë is.

1.2 Die aanleer van ten minste een Addisionele amptelike taal.

1.3 Ander kultuur- en taalgroepe sensitief en akkomoderend te hanteer.

### 2. MISSIE

2.1 Die uitbouing van Afrikaans en Engels as huistaal.

2.2 Die onderrig van Afrikaans en Engels as eerste addisionele taal.

2.3 Die aanleer van 'n derde taal vir alle leerders m.a.w. Xhosa as vak (punte reflekteer nie op die rapporte nie). Xhosa word informeel geassesseer.

2.4 Die geleidelike aanleer van Xhosa as 'n tweede addisionele taal.

### 3. TAAL VAN ONDERRIG EN LEER

Die taal van onderrig en leer by ons skool sal wees Afrikaans en Engels. Leerders met ander tale as dié moedertale, sal sover dit in ons menslike vermoë is, geakkommodeer word. In elke graad sal daar twee Afrikaanstalige klasse (A en B) en een dubbelmedium-klas (E), Afrikaans en Engels, wees.

### 4. TAAL WAT AS VAK AANGEBIED WORD

Benewens Afrikaans Huistaal en Engels Huistaal (in die dubbelmediumklas, E-klas), sal Engels as eerste addisionele taal as vak aangebied word, met dien verstande dat die derde amptelike taal van die Wes-Kaap, nl. Xhosa ook as 'n derde opsie in die vooruitsig gestel word. Die tydstoewyding sal wees 4 of 5 uur per week volgens WKOD-riglyne vir Afrikaans en Engels.

## 5. HERSIENING VAN DIE BELEID

Die skool se taalbeleid sal jaarliks op 'n vergadering van ouers en opvoeders hersien word. Die leerders wat reeds op die rol is, se taalregte sal beskerm word en enige veranderinge sal ná deeglike konsultasie met belanghebbendes, ingefaseer word. Vir onmiddellike aandag sal gekyk word na die volgende aspekte:

Voertaal: Afrikaans (in A, B en E- klas) en Engels (in die E-klas) as medium van onderrig, van graad 1 tot 7.

## 6. KOMMUNIKASIE MET OUERS

Die taal van kommunikasie met ouers sal Afrikaans en Engels wees.

## 7. ALLE AMPTELIKE TALE

Ouers en opvoeders moet gereeld gesensiteer word rondom die bevordering van alle Suid-Afrikaanse tale, sodat daar progressief gewerk word in die rigting van veeltaligheid, om te help met nasiebou en die kweek van goeie burgerskap.

## 8. IMPLEMENTERINGSPLAN

### 8.1 PERSONEELVOORSIENING

Indien daar vakatures ontstaan, sal van voornemende aansoekers verwag word om in te skakel by die skool se heersende taalbeleid. Persone wat meer as een taal magtig is, afhangende van die skool se behoefte, voorkeur kry, gedagtig aan die skool se visie ten opsigte van veeltaligheid d.w.s. as so 'n persoon kan bydra om die droom te laat realiseer.

### 8.2 VOEDERSKOLE

Gesprekke met voederskole sal op 'n deurlopende basis plaasvind om op die hoogte te bly van taalbehoeftes en verwikkelinge by hul skole, maar ook in die distrik as geheel. Die skool behoort homself voortdurend te meet om vas te stel of die skool en die voederskole se taalkurrikulum en -voorsiening nog in lyn is. Hierdie meting kan jaarliks plaasvind voor die jaarlikse ouer-opvoedervergadering sodat wysigings, indien nodig, aangebring kan word by die hersieningsvergadering.

**8.3 LEER- EN ONDERRIGONDERSTEUNINGSMATERIAAL**

Daar waar Afrikaans die taal van onderrig- en leer is, sal die meeste van dié materiaal in Afrikaans wees. In die E-klasse, sal die materiaal (LOOM) in beide Afrikaans en Engels wees.

**8.4 TAALVERSOEKE**

Rolspelers (ouers, opvoeders, leerders, gemeenkapslede) sal die geleentheid gestel word om by vergaderings insette of versoeke te lewer vir ander onderrigtaal wat dan op die jaarlikse hersieningsvergadering bespreek sal word. Rekord sal ook gehou word van versoeke deur leerders vir 'n ander taal van leer en onderrig, waaraan die skool nie kan voldoen nie. Sodanige versoeke sal op 'n gereelde basis na die Kringkantoor of Distrikskantoor gestuur word.

**8.5 BESTUUR, MONITERING EN GEHALTEVERSEKERING**

Die prinsipaal, die SBS en die SBL is verantwoordelik vir die bestuur, monitering en implementering van die taalbeleid. 'n Skedule vir die implementering van die taalbeleid sal opgestel word. Bestuur moet slegs toesien, dat namate die behoefte aan 'n tweede addisionele taal groter raak, die nodige aanpassing en planne daarvoor, in werking gestel word.

**9. SLOT**

Die skooltaalbeleid sal aan ouers, wat beplan om hul kinders in te skryf, beskikbaar gestel word en sal deel vorm van die ondertekende toelatingsooreenkoms wat gesluit word tydens inskrywing. Die skooltaalbeleid en sy implementering, sal jaarliks deur die WKOD voorsien word. In die geval van probleme of spanning met die oplos van taalbeleidkwessies, sal die WKOD, of sy aangestelde agente reageer op 'n uitnodiging om 'n ondersteunende rol te vertolk totdat onderhandelinge voltooi is tot die bevrediging van al die partye.

# Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835

Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za

Webwerf: http://lsgericke.com


**Hersien en goedgekeur op hierdie ____________________ dag van** 04/06 **2024**

**Handtekeninge:**

**Voorsitter: P. Morkel** | **T. Du Toit** | **J. Rabe** | **E. Laubscher**

Elaubscher

**J. Redelinghuys** | **N. Karsten** | **M. Von Bentheim** | **L. Meyer**

MvBentheim

Meyer

**S. Selders (skoolhoof)**

<u>**Kringkantoor: Kring 5 (Kaapse Wynland):**</u>

________________

**J. Harker**